Vol 7(2), Aug 2009



# InfoForum

## Nuusbrief van die Potchefstroomkampus-Biblioteke

NWU

## IN DIE UITGAWE:

bl. 1 - Boloka
bl. 3 - Nuwe databasisse
bl. 3 - Leesgeskiedenis
bl. 3 - RefWorks
bl. 4 - RefWorks via selfoon
bl. 4 - Refworks: Harvard
bl. 4 - Inligtingsborde
bl. 5 - Vraestelle
bl. 6 - e-Boeke
bl. 6 - Blink ogies...warm harte
bl. 7 - Tydskrifafdeling
bl. 7 - Gewildste databasisse
bl. 8 - Groepslokale
bl. 8 - Biblioteekure
bl. 9 - Opleidingsbibliotekaris
bl. 9 - Opvoedkunde Blog
bl. 9 - Personeelbewegings
bl. 10 - Opleidingslokale

# Boloka

Research Repository: North-West University

Nog altyd gewonder wat is Boloka? Hierdie ikoon is sedert Maart 2009 by die Biblioteek se webblad onder Blitsskakels geplaas as die NWU se eie digitale argief ("Institutional Repository") .

### Definisie:

'n Gerieflike kort definisie van 'n "Institutional Repository (IR)"/ Institusionele Pakhuis soos verkry uit Wikipedia, the online encyclopedia: " An Institutional Repository is an online locus for collecting, preserving, and disseminating – in digital form – the intellectual output of an institution, particularly a research institution." Vandaar die omskrywende naam vir die NWU se digitale navorsingspakhuis 'Boloka' (Tswana) wat beteken: bewaar, stoor, behou, beskerm, preserveer en/of in stand hou.

**Oogmerke van Boloka** (as diens aan die NWU gemeenskap):

- Die versameling, indeksering en argivering van intellektuele resultate van die NWU in digitale formaat. Dit sluit onder andere die volgende in:
  - Elektroniese volteks weergawes van proefskrifte en verhandelinge (sedert 2004).
  - Navorsings-artikels gepubliseer in wetenskaplike tydskrifte en konferensie bydraes.
  - Enige ander digitale versamelings soos deur belanghebbendes geïdentifiseer.
  - Elektroniese tydskrifte deur die Universiteit uitgegee.
- Langtermyn bewaring van digitale materiaal, sentraal geberg, met gevorderde herwinning- en/of soekfasiliteite deur 'n unieke portaal daar te stel wat sal dien as 'n uitstalvenster van die Universiteit se intellektuele uitsette.
- Wêreldwye sigbaarheid bring groter bewustheid van hierdie wetenskaplike navorsing deurdat dit deur erkende soekenjins soos Google Scholar, Yahoo en Bing se kruipers geïndekseer word. Beter sigbaarheid kan instansies se rangorde opstoot op die "Ranking web of world universities".

Statistieke vanaf 1 Maart 2009 – 20 Julie 2009 toon alreeds 'n hele aantal internasionale besoeke aan.




- Die skep van ’n platform vir  “Open access” (vrylike beskikbaarheid en toegang) en volteks-soekmoontlikhede, nie net vir personeel en studente van die Universiteit nie, maar ook vir enige iemand wat Internet-toegang het deur die pakhuis by alle moontlike ‘Open Archives Initiatives’ te registreer. Vergelyk inisiatiewe soos OpenDAOR, eIFL-OA, Registry of Open Access Repositories (ROAR).
- Vir outeurs beteken dit dat hul navorsing aan ’n wyer kring lesers bekend gestel word, wat die gebruik en impak verhoog, en sodoende meer aanhalings impliseer wat weer sy beroep kan bevorder. Deur die aflaai-, druk- en argiverings-opsies word die hergebruik van artikels ook moontlik gemaak.

## Top tien titels besoek sedert Maart 2009:

- Die rol van plaaslike regerings met betrekking tot “Local Agenda 21” / deur J.M. Marx
- Geskoolde werkloosheid in Suid-Afrika, met spesifieke verwysing na die Noordwes Provinsie / Charlene du Toit
- PER: Potchefstroom Electronic Law Journal
- Beskerming van kinderregte by die sekwestrasie van die boedel van die ouer(s) / Lizelle Norval
- The impact of HIV/AIDS on morale and productivity in a provincial government department : a case study / E. Zwane.
- School violence in secondary schools : guidelines for the establishment of health promoting schools / Alan Gert Meyer
- Organisational support, role clarity, job insecurity and organisational commitment of employees in a petrochemical organisation / Rirhandzu Milder Nqubane
- Identiteitsbeelding van twee jeugkarakters in die film Paljas / E. de Klerk
- Promoting sustainable development through capacity building at Sebideng District Municipality / Lerato Sebolao.
- Aspects of the demographic profile and standard of pharmaceutical services in South Africa / J. Adsetts

- Om self-argiverings moontlikhede wat reeds bestaan wyer beskikbaar te stel, opleiding aan te bied en dokumentasie in plek te kry sodra prosedures, kopiereg uitklaringsaangeleenthede en ander struikelblokke uit die weg geruim is.
- Om ’n volgehoue betroubare diens en toegang daar te stel deur gereelde rugsteun; uitbou van die versameling deur identifisering van nuwe digitale objekte; vasstelling van metadata en digitaliseringstandaarde; geskikte nuutste programmatuur daar te stel (DSpace) en gereelde kontrole en opgaaf van statistieke om bruikbaarheid van Boloka te bepaal (Google Analytics).




## Drie nuwe databasisse

Die Biblioteek het onlangs ingeteken op Philosopher's Index & Environment Complete. Albei databasisse is beskikbaar op die EbscoHost platform.

*Philosopher's Index* word uitgegee deur die *Philosopher's Information Center* en is 'n omvattende bibliografiese databasis wat internasionale navorsing dek rakende alle velde van filosofie, insluitend etiek, logika, metafisika, estetika, kenteorie, sosiale filosofie, die filosofie van geskiedenis, opvoedkunde, wetenskap, godsdiens, tale asook antropologie. Die databasis dek navorsing wat gepubliseer is sedert 1940 uit nagenoeg 570 tydskrifte vanuit 43 lande.

Vir omgewingswetenskappe verskaf *Environment Complete* dekking van ekosisteem ekologie, energie, natuurlike hulpbronne, landbou, marine- en varswater-wetenskappe, geografie, besoedeling en afvalbestuur, omgewingstegnologie, omgewingsreg, openbare beleid, sosiale impak, stadsbeplanning en meer. Sowat 1 700 tydskrifte word hierop geïndekseer. Toegang word gegee tot die volteks van 680 tydskrifte waaronder bekendes soos *Environment*, *Ecologist*, *Conservation Biology* asook die volteks van 120 monografieë soos *Advances in Water Treatment* en *Environmental Management*.

Op grond van die intekening op Environment Complete is gratis toegang beskikbaar tot die *GreenFILE* databasis. GreenFILE se fokus is op die impak van die mens op die omgewing en benewens die indeksering van vaktydskrifte is daar ook verwysings na regeringspublikasies. Onderwerpe sluit in die globale klimaatsverandering, groen konstruksie, besoedeling, volhoubare landbou, herwinbare energie, hergebruik, en meer. Die databasis verskaf ekserpte van omtrent 384,000 rekords, sowel as die volteks artikels van byna 5000 "Open Access"-rekords.




## Aktiveer u leesgeskiedenis

Wil u graag weet watter boeke u al uitgeneem het, of het u 'n boek gelees maar die titel vergeet? Stel u belang om 'n lys van boeke wat u gelees het na RefWorks af te laai? Aktiveer u leesgeskiedenis, en 'n lys van boeke wat deur u uitgeneem is, sal beskikbaar wees vanaf die datum wat die funksie geaktiveer is. Die lys kan gedruk word, na 'n e-posadres of hardeskyf gestuur word en selfs na RefWorks afgelaai word. Lees hier hoe om u leesgeskiedenis te aktiveer.

Met RefWorks kan jy op die Web jou eie databasis skep van bronne wat vir navorsing gebruik is. Die verwysings in RefWorks kan dan outomaties in jou navorsingsdokument ingetrek word en binne sekondes volgens 'n spesifieke bibliografiese styl geformateer word. 'n Groot voordeel is dat hierdie bronne nou soekbaar is en dat dit vanaf enige internetrekenaar beskikbaar is. Die databasis kan ook gedeel word indien verskillende mense saam aan een projek werk.

- So maak mens …
- Van RefManager na RefWorks
- Laai inligting van die katalogus af na RefWorks


## RefWorks beskikbaar via selfoon

Die intydse verwysingsbestuurder "RefWorks" is nou ook mobiel!

Gebruik enige selfoon of PDA met Internet-toegang om algemene funksies soos soektogte vir verwysings, besigtiging van gebergde verwysings en organisering van lêers in die RefWorks-databasis te verrig.

Die SmartAdd funksie maak die toevoeging van verwysings makliker deur die soek en byvoeging meer vaartbelyn te maak.

Besoek RefMobile by *http://refworks.com/mobile* op u selfoon en teken aan met u groepkode, gebruikersnaam en wagwoord. E-pos hier indien u nie weet wat u groepkode is nie.




## Harvard-formaat op RefWorks gelaai

Die NWU gebruik 'n aangepasde weergawe van die Harvard-bibliografiese styl. Dit verskil van die bestaande Harvard wat beskikbaar is op RefWorks se lys van bibliografiese style. U sal sien dat daar nou 'n opsie **Noordwes-Universiteit Harvard** is onder "**Tools**", "**Output Style Manager**" wat u onder u gunsteling style ("favourites") kan byvoeg. Die basiese verwysings vir boeke en tydskrifte is reeds daarop gelaai en ons hoop om spoedig ook ander tipes rekords daarop by te voeg.

## Inligtingborde en rigtingwysers


In 'n poging om die rigtingwysers in die Hoofbiblioteek op te gradeer en duideliker te maak is ons tans besig om veranderinge aan te bring. Esteé Steyn, 'n M-student in Grafiese Ontwerp, was tot 'n groot mate verantwoordelik vir die nuwe ontwerp daarvan.

Die kleurkode wat gebruik word is in ooreenstemming met die NWU-kleure. Daar is besluit om deurgaans van blou gebruik te maak wanneer dienste aangedui word, donkerrooi (maroen) te gebruik vir ruimtes, versamelings, vakname en –nommers, terwyl groen gebruik word vir nooduitgange en toiletgeriewe.

Die sentrale pilaar in die ingansportaal voor Leen- en Inligtingsdienste, waar die uitstalkas tans is, gaan omskep word in in 'n algemene inligtingsbord met 'n TV-skerm, waarop op 'n lopende basis inligting, nuusprogramme en selfs belangrike sportgebeure sal verskyn. 'n Nuwe groot plakkaatbord sal ook teen die muur in die portaal net voor die trappe aangebring word, waarop SR-goedgekeurde plakkate aangebring kan word.



# Gebruik van vraestelle




## Het u geweet?

- Die Vraestelle databasis bestaan uit gedigitaliseerde dokumente sedert 1998.
- Daar is alreeds **21533** vraestelle geïndekseer en beskikbaar op die Internet.
- Die databasis is soekbaar volgens kampus, vakkode, vaknaam, graadkode, datum van eksamen en/of eksaminator.
- Mafikengkampus (sedert 2007) en Vaaldriehoekkampus vraestelle is ook via hierdie portaal beskikbaar.
- Statistieke toon aan dat dit een van die Biblioteek se mees gebruikte databasisse is. Vergelyk gerus die tendense net so vóór en tydens eksamens:



## e-Boeke

Om onderrig-leer beter te ondersteun, is dit nodig dat die voordele van e-boeke as inligtingsbron ondersoek moet word. Daarom word daar tans ingeteken op ’n verskeidenheid e-boeke. Deurdat daar doelbewus gefokus word op die aanskaf van drukgebruikte voorgeskrewe handboeke en gereserveerde boeke, word elektroniese toegang verskaf tot essensiële inligtingsbronne. Die voordele vir afkampus gebruikers is legio. e-Boeke is beskikbaar vanaf die katalogus en word soos volg aangedui:

| | |
|---|---|
| *Call* | E-Book Online |
| *Author* | Carr, Alan, Dr. |
| *Title* | **Positive psychology [electronic resource] : the science of happiness and human strengths / Alan Carr.** |
| *Imprint* | Hove ; New York : Brunner-Routledge, 2004. |
| *Rating* | ☆☆☆☆☆ |

*Permanent URL for this record*

| Click on the following to: | | |
|---|---|---|
| Full-text ebook. | | |
| **LOCATION** | **CALL #** | **STATUS** |
| Elektron. Boek / Electronic Book | E-Book Online Nearby on Shelf | ONLINE |

Gebruikers is welkom om aanbevelings vir bestellings te maak.

## Blink ogies …warm harte



Die Biblioteek is sensitief vir die nood van mense en veral kinders in ons land en het daarom besluit om elke jaar iets vir die gemeenskap van Potchefstoom te doen. So twee of drie jaar gelede het die Ferdinand Postma–Biblioteek bewus geraak van die goeie werk wat deur die Mama Afrika–projek gedoen word. Die projek staan onder die sorg van Clover en is ’n sosiale opheffingsprojek om gemeenskappe te help om hulleself te help. Prof Elain Vlok, buitengewone professor in Kommunikasiestudies by die NWU, was en is die dryfveer van die projek waardeur vrouens geïdentifiseer word wat in die gemeenskappe reeds onbaatsugtige diens lewer. Hierdie vrouens, die Mama’s, word elkeen bemagtig deur hulp en kundigheid te gee soos nodig.

Ons het hierdie jaar besef dat die Potchefstroom-gemeenskap sy eie dapper Mama het, nl. Mama Dorah van Ikageng. Mama Dorah is aan die hart geruk deur die honger kindertjies wat elke dag onversorg op straat was en het besluit om met haar karige salaris aan hierdie kinders kos te verskaf. Die 59-jarige vrou wat self nooit die voorreg gehad het om skool te gaan nie, het mettertyd besef dat die kinders behoefte gehad het aan meer as kos en so het die Ncedisizwe–bewaarskool/kleuterskool ontstaan. Clover het bewus geraak van haar ontferming en sorg oor die kinders en het haar finansieel bygestaan om haar plekkie beter in te rig en sekere geriewe daar te stel.

Hierdie mooi storie in tye waarin daar soms net slegte nuus is, het die Biblioteek laat besef dat hulle graag hier wil help. Ons het gevra wat ons as Biblioteek vir hulle kan doen of gee en die antwoord was: asseblief kinderboekies wat die kinders “self kan lees”….dus prenteboekies vir kinders. Dit was heerlik om die boekies te gaan uitsoek en lekker om te weet dat dit wat ons doen vir iemand gaan vreugde bring. Met sorg is plus minus 80 boekies, twintig musiek CD’s en ‘n CD–speler uitgesoek.

Op ’n herfsoggend het ons die geskenkies self gaan oorhandig in Ikageng. Wat ‘n vreugde! Ons is hartlik ontvang, daar is gesing en gedans. Met die terugry het ons geweet dat die vreugde, blymoedigheid en kinderlike opgewondenheid wat ons beleef het ons lank sal bybly.

## Tydskrifafdeling



Die dienstoonbank van die Tydskrifafdeling op die tweede vloer is gedurende die Julievakansie met aluminium en glas afgeskort, aangesien die diensure by hierdie toonbank verander het na 07:30 tot 17:00.


Indien 'n gebruiker saans gedrukte tydskrifartikels benodig, kan die aanvraag by die Leentoonbank op die grondvloer gedoen word. As die inligting dringend benodig word kan die tydskrif dadelik gehaal word. Die gebruiker het egter ook die keuse om die tydskrif die volgende dag by die Toonbank te kry of om die artikel die volgende dag elektronies geskandeer via sy e-pos te ontvang. Stelselmatige veranderings sal deur die jaar ook aan ander prosedures ten opsigte van tydskriflewering plaasvind.

## Ons gewildste databasisse

Die Biblioteek probeer doelbewus om op databasisse in te teken wat koppeling na die elektroniese volteksartikels verskaf. Hierdie wetenskaplike artikels is 'n goeie teenvoeter vir die algemene inligting wat gebruikers so graag op die Internet met behulp van soekenjins soos Google verkry.

Daar vind weer groei plaas vir die 2008/2009 tydperk, nadat daar 'n stabiliserings tydperk gedurende 2007/2008 was. Van ons gewildste databasisse is:

| Databasis | Soektogte 07/2006-06/2007 | Soektogte 07/2007-06/2008 | Soektogte 07/2008-06/2009 |
|---|---|---|---|
| Academic Search Premier (EbscoHost) | 135672 | 137255 | 160569 |
| Business Source Premier (EbscoHost) | 36183 | 46841 | 65755 |
| Emerald | 12309 | 30938 | 18336 |
| JSTOR | 6666 | 25958 | 26523 |
| SAePublications | 151148 | 187164 | 247962 |
| ScienceDirect | 95431 | 79613 | 94384 |
| Web of Science | 12705 | 12857 | 10473 |



## Groepslokale

Die huidige vier groepslokale word so druk gebruik dat ons in die eksamen nog 'n tydelike lokaal ingerig het. Hierdie lokale kan by Leendienste bespreek word en gebruik word vir groepsprojekte, akademiese groepsvergaderings en groepstudie. Die lokaal wat voorheen "Trap-der-Jeugd" genoem was, se naam is nou verander na "Omega ", om saam met die ander volgens die Griekse alfabet benoem te word. Alpha kan 18 persone huisves, Beta 12, Omega 8 en Delta 6. Die tydelike lokaal, Sigma kan ook 8 persone hanteer. Planne vir nog 4 lokale word tans opgetrek en ons hoop om dit vroeg in 2010 op die tweede vloer, in die ou Tydskrifleessaal ingerig te hê.




## Biblioteekure

Biblioteekure word jaarliks aangepas volgens gebruikspatrone en -behoeftes. As gevolg hiervan het 'n paar veranderings deur die loop van die jaar plaasgevind.

Die Teologiese Biblioteek is sedert die begin van 2009 ook oop tussen 13:00 en 14:00. Tot en met November 2009 is die ure van die Jan Lion Cachet-Biblioteek (TB) van Maandag tot Donderdag dus 07:30 tot 18:00. Op Vrydae is dit slegs oop tot 16:00, behalwe wanneer Honneursklasse plaasvind en 'n spesiale reëling tot 18:00 geld.

Vanaf 20 Julie is die Musiekbiblioteek vir 'n proefperiode (tot November 2009) ook oop tussen 13:00 en 14:00.

Elke biblioteek se ure word bepaal volgens die behoeftes van die betrokke groep gebruikers. Indien dit werklik blyk dat daar 'n verandering nodig is, eksperimenteer ons vir 'n paar maande en bepaal dan volgens die gebruikstatistiek of die ure meer permanent gewysig moet word. Kontroleer dus asseblief maar periodiek die diensure van die betrokke biblioteek of takbiblioteek waarvan u gebruik maak.

Biblioteekure vir die res van 2009:

| | Maandae-Donderdae | | | Vrydae | Saterdae |
|---|---|---|---|---|---|
| | vanaf | 13:00-14:00 | tot | | |
| **Hoofbiblioteek** | 7:30 | Oop | 22:00 | 7:30-22:00 | 9:00-14:00 |
| **Musiekbiblioteek** | 8:00 | Oop (Proefperiode) | 17:00 | 8:00-17:00 | Gesluit |
| **Natuurwetenskappe-Biblioteek** | 7:30 | Oop | 19:00 | 7:30-17:30 Die ure en dienste van die Natuurwetenskappe-Biblioteek mag moontlik in 2010 aangepas word, aangesien dit blyk dat die gebruik saans afneem. | Gesluit |
| **Opvoedingswetenskappe-Biblioteek** | 8:00 | Oop | 20:00 | Normale Vrydae: 08:00-18:00 B Ed Honns Vrydae: 08:00-20:00 | 10:00-13:00 |
| **Teologiese Biblioteek** | 7:30 | Oop | 18:00 | 7:30-16:00, Behalwe wanneer Honneursklasse plaasvind en 'n spesiale reëling tot 18:00 geld. | Gesluit |

Vakansie-ure wissel van biblioteek tot biblioteek en dus moet gebruikers maar telkens kontroleer voordat hulle 'n biblioteek of takbiblioteek gedurende die vakansie wil besoek.

## Opleidingsbibliotekaris


Erika Rood

Om tred te hou met internasionale tendense waar opleiding in navorsing- en inligtingsprodukte en inligtingsgeletterdheid 'n al groter rol speel, het die Biblioteek vanaf begin 2009 'n eie opleidingsbibliotekaris. Erika Rood was vir baie jare 'n inligtingsbibliotekaris en doen nog steeds inligtingsdiens op kleiner skaal. Sy gaan voortaan Inligtingsdienste se opleidingsaktiwiteite koördineer en intensief betrokke wees by die bemarking daarvan. Kursusse wat alreeds met sukses aangebied word is RefWorks, Impakfaktore & Geakkrediteerde Tydskrifte en Biblioteekdatabasisse vs Google. Kursusbesprekings kan gedoen word..

## Opvoedkunde Blog

Die doel van die Opvoedkunde Blog is om as 'n kommunikasiemiddel tussen die Biblioteek en die Opvoedingswetenskappe Fakulteit te dien. Sodoende bly almal op hoogte van enige dienste, ontwikkelinge en produkte wat die Biblioteek aan die fakulteit verskaf. Verder poog die blog om die studente en dosente op hoogte te hou van nuwe verwikkelinge in die Suid-Afrikaanse en internasionale onderwys. Dit sluit in opvoedkunde konferensies wat gaan plaasvind, nuwe opvoedkunde produkte, toesprake en besluite wat die onderwys raak asook nuwe idees en rigtings wat bespreek word. Laastens poog die blogger om gebeure en persone in die Opvoedingswetenskappe Fakulteit aan die breër publiek bekend te stel. Daar gebeur nogal baie in die fakulteit wat nie altyd raakgesien word nie. 'n Blog is hier veral nuttig, aangesien persone van regoor die wêreld gereeld kom besoek aflê en sodoende 'n beter geheelbeeld van die Opvoedingswetenskappe Fakulteit kry.

## Personeelbewegings en prestasies

**Yvonne Bucwa** van die Opvoedingswetenskappe-biblioteek en **Abel Khauoe** (ons kollega wat intussen Koster toe is) het hulle eksamens vir die honneursgraad in Inligtingkunde by Unisa geslaag. Hulle het die kursus binne 'n jaar voltooi, wat opsigself 'n prestasie is. (Dit is nadat hulle in 2007 eers sekere voorstudies moes doen.) Hulle is ook die eerste personeellede van die Biblioteek wat danksy die Universiteit se skema daarvoor by Unisa gestudeer het. Daarvoor sê ons baie dankie aan Organisasieleer en -Ontwikkeling en spesifiek aan Mandi Wallace.

**Corrie Breitenbach** en **Louw Venter** het vanaf 12 tot 14 Mei 2009 die "African Digital Scholarship & Curation" konferensie bygewoon. Die tema van die konferensie was hoofsaaklik die identifisering van geleenthede, strategieë en praktiese voorbeelde vir nuwe vorms van navorsing, wetenskap en die bestuur van die digitale inhoud van die aktiwiteite deur akademici, navorsers, wetenskaplikes, inligtingskundiges en IT-eksperts.

**Carine Basson** en **Louw Venter** het vanaf 19 tot 21 Mei 2009 die DITCHE (Digital Information Technology in Higher Education) se NLIT (National Library IT) "event" in Port Elizabeth bygewoon. Dit gee persone wat werksaam is in Universiteitsbiblioteke se IT-afdelings geleentheid om kollegas van regoor Suidelike Afrika te ontmoet en idees uit te ruil.

# Personeelbewegings en prestasies (vervolg)

**Jubrie Oosthuizen** en **Louise Vos** het vanaf 20 tot 21 Mei 2009 'n werkswinkel van die CiCD-eenheid van LIASA en CBM Training bygwoon oor "Library Leadership & Management: Developing Managerial Competencies".

**Jubrie Oosthuizen** het vanaf 26 tot 28 Mei die SANLiC "Licensing & Negotiation Capacity Building Workshop" by die WNNR bygewoon.

Gedurende Junie 2009 het twee kollegas van die Bindery, **Gladys Maruping** en **George Seretse**, formele vakkwalifikasies met die hulp van mnr Gawie van der Westhuizen, 'n ervare boekbinder en opleier, en onder toesig en met akkreditasie van die MAPPP SETA (die sektorale opleidingsowerheid vir die media, die advertensiewese, die uitgewerswese en die drukkersbedryf) verwerf.

**Carine Basson** en **Louw Venter** het op 15 Julie 2009 voorleggings gelewer by die "GAELIC Millennium Show 'n Tell" werkswinkel. Carine het oor "Non-CASE load in ERM" gepraat en Louw oor "GAELIC "Beta" BBS".

**Retha Badenhorst** en **Isabel Blom** was op 8 en 9 Junie 2009 op 'n "Quality Customer Service : Shedding light on skills development" kursus aangebied deur KwelangaTraining in C1 , Institusionele Gebou.

Tom Larney, die Direkteur Biblioteekdienste op die Potchefstroomkampus, het gedurende Julie twee biblioteekkonferensies in onderskeidelik die VSA en die Verenigde Koninkryk bygewoon. Van 9 tot 12 Julie was hy by die jaarlikse konferensie van die American Library Organization (ALA) in Chicago en daarna, op 14 en 15 Julie, by die tweejaarlikse Umbrella-konferensie van die Britse Chartered Institute of Library and Information Professionals (CILIP) by die Universiteit van Hertfordshire in Hatfield, vlak noord van Londen.

Verskeie dinge val mens op by dié konferensies, sê hy:

- Die geweldige skaal van juis die ALA-konferensie. Afgesien van die geweldige aantal deelnemers wat eie is aan Amerikaanse konferensies (met 8000 mense wat dit bywoon, is die ALA by verre nie een van die grootstes waarop die konferensiesentra en hotelle floreer nie), is uitstalruimtes die grootte van twee of drie rugbyvelde en met 500+ uitstallers 'n aanduiding van die groot besigheid wat beide openbare en akademiese biblioteke in die VSA is. Daarteenoor was Umbrella met sy ongeveer 400 bywoners eintlik maar miniskuul.

- Die druk wat daar as gevolg van die resessie ook op biblioteke is om die aanwending van hulle begrotings, maar tewens ook die aanwending van skaars menslike hulpbronne, al meer krities te beoordeel.

## Personeelbewegings en prestasies (vervolg)

- Die gemeenskaplikheid van sekere kerntemas wat in beide die VSA en Brittanje, soos ook hier by ons, telkens na vore kom as strategiese prioriteite nie net vir biblioteke nie, maar tewens vir universiteite as geheel. Twee van die belangrikstes hiervan is die al groter rol van nie-konvensionele onderrigpatrone en studente (die ondersteuning van afstandstudente, byvoorbeeld), en die rol van die biblioteek in die vestiging van inligtingsgeletterdheid en die ondersteuning van navorsing.

- Die klaarblyklik windstilte wat daar heers in die tegnologiese vernuwing rondom veral akademiese biblioteke. Na die geweldige impak van CD-ROM in die vroeë negentigerjare, en later in dieselfde dekade die ontwikkeling van die web en die beskikbaarheid van gekoppelde databasisse en elektroniese tydskrifte en groot omnibus-stelsels vir intekening daarop, is dit asof almal asem ophou vir die volgende groot ontplooiing. Dit lyk nog nie of 'mobile computing' of elektroniese boeke, hetsy in die vorm van die Kindle of van gekoppelde intekenings, dié rol gaan vervul nie.

100 1908 - 2008 UNIVERSITEIT VAN PRETORIA UNIVERSITY OF PRETORIA YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Universiteit van Pretoria het fondse van die Carnegie Association ontvang om leierskap binne die biblioteekberoep te bevorder. Daar gaan 'n beperkte aantal "Carnegie Library Leadership Academy" -kursusse aangebied word wat elk twee weke duur en telkens aan 20 bibliotekarisse, uit alle tipes biblioteke, die geleentheid gee om dit by te woon. Kandidate doen aansoek om die akademie by te woon met 'n motiveringsbrief en 'n verwysing van hul Direkteur en 20 word dan uit die aansoeke gekeur. Die eerste CLLA is gehou van 5 – 17 Julie 2009 by Leriba Lodge, Centurion en **Erika Rood** was een van die twintig kanditate wat gekies is om dit by te woon. Die program was druk besig met lesings, werkswinkels en werkopdragte.

Erika se reaksie: Daar is besin oor ons beroep en ons leierseienskappe en ander sake wat die organisasies, waarbinne ons werk, raak. Goeie sprekers het leiding gegee in onderwerpe soos wetgewing wat ons beroep raak, strategiese beplanning, veranderingsbestuur, diversiteit in organisasies en spanwerk. Dit was werklik 'n verrykende ervaring en nuwe bande met kollegas is gesmee.

## Opleidingslokale

Die Biblioteek stel twee opleidingslokale, nl Besembos en Tarentaal, beskikbaar vir gebruik deur personeel en studente. Kontak gerus vir Ria Adelaar x2802 indien u hulle wil bespreek.

